

Ons is die KERK

Dit voel deesdae vir my of ek n 'love-hate' verhouding met die kerk het. Die instelling met sy geboue en strukture en tradisionalisme en kerk-artikels voel soms vir my na 'n verlamme meulsteen om my nek. Maar dan word ek herinner aan die feit dat dáárdie meulsteen nie die kerk is nie. Die kerk is mense en vir daardie mense-kerk is ek verskriklik lief.

Ek het die voorreg om 'n klomp mense te ken wat verskriklik passievol is oor die dinge waaroor Jesus ook passievol was. Mense wat iets van hulself gee. Mense wat uit hul gemaksone beweeg om by die nood van die wêreld te kom.

Ek ken 'n oom wie se stiltetyd 'n ruk gelede deur God self onderbreek is omdat God vir hom gevra het om mense wat al 'n geruime tyd in hul motor woon te nooi vir 'n ete en 'n warm stort. Nadat hy hulle gaan nooi het, kon hy weer voortgaan met sy stiltetyd.

So twee jaar gelede kuier ons by 'n boer op sy plaas. Vir lank was daar geen verhouding tussen die boer en sy werkers nie. Totdat hy hulle in sy huis begin nooi het om rugbywedstryde te kyk en Bybelstudies te hou.

'n Vriend van my woon al meer as vier jaar saam met klomp jongmense in nood in 'n huis. Sonder enige betaling. Hy kies doelbewus om hier te woon – al is dit soms baie moeilik en uitdagend.

Hierdie stories het almal een ding in gemeen: mense wat verstaan dat hulle die kerk is. Of soos dit geskrywe staan in 1 Petrus 2 "lewende stene". As mense my sou vra waar die kerk is, dan sal ek hulle na hierdie mense toe wil stuur.

As ek die kerk begin sien as die mense rondom my, mense wat die kerk neem orals waar hulle gaan, dan raak ek weer lief vir die kerk. Dit inspireer my om ook elke oomblik kerk te wees.

Daarom droom ek van mense/'n kerk wat verstaan dat ons geroep is om passievol te wees oor die dinge waaroor Jesus passievol was en dat ons lewens elke oomblik hiervan sal getuig!